

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAAN SA	DATUM		DATUM		+ - WEEK GELEDE		BY DIE GELD PUIT OPSIE			
	2018/01/19		2018/01/18		2018/01/08		JULIE '18 TERMYNPRYS	WM	YM	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data				
DJIA-index	26018	-97.84	↓	26116	↑	25296	PUT TREFFPRYS	R 2 044.00	R 2 034.00	
Goud (Spot)	1331.80	4.30	↑	1327.50	↑	1318.11	PUT PREMIE	R 178.82	R 139.20	
Brent \$/vat	68.65	-0.90	↓	69.55	↑	67.71				
1 € / US\$	1.2258	0.004	↑	1.2217	↑	1.2019	MINIMUM SAFEX PRYS	R 1 881.18	R 1 900.80	
1 US\$ / ZAR	12.10	-0.170	↓	12.27	↓	12.33				
Corn	R 1 671.99	-28	↓	R 1 700.32	↑		* CBOT Corn Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Mrt 12:00 the previous day			
Wheat	R 1 870.22	-17	↓	R 1 887.57	↑		* CBOT Wheat Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Mrt 12:00 the previous day			
Soybeans	R 4 281.70	-38	↓	R 4 319.55	↑		* CBOT Soy Mrt cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Mrt 12:00 the previous day			
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.	MIELIE UITVOERE		
Corn Mar 18	351.00	-1.00	↓	352.00	↑	351.00	36	WM	YM	TM
Wheat Mar 18	425.00	2.00	↑	423.00	↓	430.00	WEEK TOTAAL	4 876	44 177	49 053
Soybeans Jan 18	973.00	5.00	↑	968.00	↑	961.00	JTD TOTAAL	550 939	1 252 831	1 803 770
PLAASLIKE MARKINLIGTING							UITVOERBAAR			
SORGHUM Mar '18	2850.00	0.00	↑	2850.00	↑	2850.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	22%	68%	41%
WMAZ Spot	1911.00	-21.00	↓	1932.00	↓	2034.00	TEMPO/WEEK BENODIG	121 816	37 323	159 139
WMAZ Mar 18	1944.00	-21.00	↓	1965.00	↓	2076.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS			
WMAZ Jul 18	2044.00	-25.00	↓	2069.00	↓	2177.00	WEEK TOTAAL	7 897	2 256	10 153
YMAZ Spot	1955.00	-21.00	↓	1976.00	↓	2020.00	JTD TOTAAL	9 548 375	6 446 844	15 995 219
YMAZ Mar 18	1981.00	-16.00	↓	1997.00	↓	2057.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250	16 094 000
YMAZ Jul 18	2034.00	-22.00	↓	2056.00	↓	2125.00	% GELEWER VAN OES	99%	100%	99%
SOY Spot	4545.00	20.00	↑	4525.00	↓	4850.00	TEMPO /WEEK BENODIG	5 898	275	6 174
SOY May 18	4643.00	26.00	↑	4617.00	↓	4925.00	KORING INVOERE			
SUN Spot	4761.00	22.00	↑	4739.00	↓	4831.00	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM	
SUN May 18	4702.00	24.00	↑	4678.00	↓	4798.00	WEEK TOTAAL	10 007	404	21 061
WHEAT Spot	3740.00	-7.00	↓	3747.00	↑	3684.00	JTD TOTAAL	635 376	16 098	454 292
WHEAT Mar 18	3792.00	-4.00	↓	3796.00	↑	3763.00	TOTAAL BENODIG	2 000 000	930 728	1 622 999
WHEAT May 18	3865.00	-1.00	↓	3866.00	↓	3839.00	JTD AS % VAN BENODIG	32%	1.7%	28%

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

**Markoorsig:** Vanoggend verhandel die rand op sy sterkste in 2 en 'n half jaar. Die rand het onlangs 'n goeie lopie gehad, en word ondersteun deur verskeie faktore in die politieke en ekonomiese omgewing. 'n Swakker dollar het bygedra tot die rand se versterking sowel as kommentaar wat die goewerneur van die SARB, Lesetja Kganyago, gister in die MPC-vergadering gemaak het. Kganyago het opgemerk dat die rand sedert November 2017 met 13,1% teenoor die Amerikaanse dollar versterk het. Die rand het bestendig gebly te midde van langtermynvoorsigte deur Lesetja Kganyago vir die plaaslike ekonomie, met verwysing na die dringende vooruitsig van kredietgraderings-agradering wat steeds inweeg teen die rand. Tans verhandel die rand teen sowat R12.10 na die dollar. Volgens die jongste brandstofprysveranderinge wat deur die Sentrale Energiefonds gerapporteer word, is dit waarskynlik dat brandstofpryse weer in Februarie kan daal. Petrol (95) en diesel (0,05%) kan onderskeidelik 36 c / l en 17 c / l daal.

**Mielies:** Die Amerikaanse mieliemark het gister van Woensdag se toenames terug gegee en het effens laer gesluit in beide die Maart en Julie kontrakte. Die Amerikaanse mieliemark het die week laag begin en het verlede week hoofsaaklik onder druk gekom met die nuutste WASDE verslag wat nie gunstig was vir die pryse nie, met die wêreld eindvoorraad wat hoër harsien was in die verslag. Die mark het egter deur die loop van die week ondersteuning begin vind as gevolg van die ongunstige toestand in Argentinië wat tans 'n bekommernis is vir die maontlike produksie. Daar was ook verlede week goeie uitvoere gerapporteer wat weer ondersteuning aan die Amerikaanse mark gebied het. Die nuutste weeklikse USDA uitvoerverslag word later vandag bekend gemaak en die verwagting is dat die weeklikse mielie uitvoere ongeveer tussen 500 406 ton en 800 142 ton behoort te wees. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister hoofsaaklik laer verhandel vir meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is van beide wit- en geelmielies. Die plaaslike pryse is tans baie volatiel hoofsaaklik as gevolg van die onsekerheid in die mark rakende die aanplantings en die produksietoestande wat heers oor groot gedeeltes van die land. Die mark reageer sterk op veral faktore soos die weervoorspellings en dit bring ook onsekerheid. Die NOK se voorlopige aanplantings word die 30ste Januarie bekend gemaak en sit behoort meer sekerheid na die mark toe te bring.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het gister ondersteuning gevind en hoër verhandel hoofsaaklik as gevolg van die bekommernisse rakende die weer in Argentinië asook die sojaboonmeel pryse wat sterker verhandel het. Beide die Maart en Mei pryse het gister sterker verhandel. Die nuutste weeklikse USDA uitvoerverkope verslag word later vandag bekend gemaak en die algemene verwagting in die mark vir die weeklikse uitvoere strek oor 'n wye reeks wat 'n aanduiding is van die onsekerheid in die mark oor hoeveel daar werklik uitgevoer is vir die week. Die internasionale handel is een aspek wat die vraag kant van die mark verteenwoordig en dus hou die markdeelnemers hierdie syfers dop. Die Internasionale Graan Raad het hul produksie voorsigte vir die seisoen hoër aangepas vanaf die vorige skatting, maar die totale produksie skatting vir die seisoen word steeds verwag om laer te wees as verlede seisoen se produksie. Die Europese jaar tot datum sojaboon invoere vir die 2017/18 seisoen is ongeveer 7% laer as verlede jaar se jaar tot datum invoere terwyl die sojaboon en palm olie invoere onderskeidelik 6% en 3% jaar op jaar toegeneem het teen hierdie tyd van die seisoen.

**Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister gemeng verhandel en het ondersteuning gevind met slegs die Maart kontrak wat vir die dag effens laer gesluit het. Daar is tans ook nog heelwat onsekerhede in die mark rakende die hoeveelheid hektare wat wel aangeplant is vir die seisoen en daar sal eers meer sekerheid in die mark wees wanneer die totale NOK se voorlopige aanplantings syfers bekend gemaak word.

**Koring:** Die Amerikaanse koringmark het gister ondersteuning gevind met koopkrag wat in die mark gesien was soos die rolspelers beskerming neem teen kort posisies in die mark. Die mark het ook ondersteuning gevind met die Internasionale Graanraad se verwagting dat die internasionale koring produksie in die volgende seisoen ongeveer 2% kan afneem. Dit sal die eerste jaar op jaar afname wees in die internasionale koring produksie en moontlik ook in die voorrade oor die afgelope 6 jaar. Die internasionale produksie vir die huidige seisoen word egter steeds effens hoër geskat as gevolg van goeie omstandighede in lande soos Rusland, Kanada, Australië en Argentinië. Die verwagting vir die weeklikse USDA uitvoerverkope verslag is dat die weeklikse uitvoere in 'n redelike nou verhandelingsband behoort te wees met nie enige groot afwykings vanaf die normale weeklikse gemiddelde wat die laaste tyd gesien was nie. In die internasionale konteks is daar tans groot voorrade beskikbaar en is daar nie enige nuwe fundamentele nuus wat groot ondersteuning in die mark behoort te bring in die kort tot medium termyn nie. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister nie baie beweging getoon nie en die mark het meestal effens laer verhandel. Die laer plaaslike produksies veroorsaak dat daar meer invoere moet plaasvind hierdie seisoen en die invoere het jaar tot datum 6 reeds teen 'n goeie tempo ingekom.

Plaaslike Markinsigte & Data: [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za) / [www.sagis.co.za](http://www.sagis.co.za)  
Internasionale Markinsigte & Data: [www.usda.co.za](http://www.usda.co.za)

Opgestel deur Michelle Mokane en Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: [Michelle@grainsa.co.za](mailto:Michelle@grainsa.co.za) / [luan@grainsa.co.za](mailto:luan@grainsa.co.za)  
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

